

8 November

Skrifgedeelte: Johannes 18:1-27
Fokusgedeelte: Johannes 18:1-11; 25-27

Net die krag van Jesus Christus kan ons verlos

Hier begin die laaste gebeurtenisse in Jesus se lyding vir ons sondes. Twee lyne is baie duidelik: Die krag en mag van Jesus teenoor die swakheid en magteloosheid van die mense om Hom. Die Johannes-Evangelie beklemtoon hierdie feite en daarom beskryf hy die gebeure anders as die ander drie evangelies. Johannes maak duidelik dat Jesus nie 'n slagoffer van die omstandighede is nie, maar aktief sy lewe vir sy skape aflê (Joh 10:11). Hy was nie net hulle voete nie (13:1-16), maar gee sy lewe vir sy vriende (15:13). Só lief het Hy sy volgelinge en daarom reël Hy dat hulle nie ook gevange geneem word nie (verse 8,9). Sy mag word duidelik as Hy nie wegkruip nie, maar na sy vervolgers gaan (vers 4), waar hulle van Hom af terugdeins (vers 6), dat Hy die lydenskoper aanvaar (vers 11) en dat Hy voor die hoëpriester getuig (verse 20, 21, 23). Hy ly in liefde vir ons, maar Hy doen dit koninklik. Daarteenoor sien ons die sukkelende mense om Hom: Die rol van Judas, die verraaier (verse 3,5) en die soldate wat van Hom af terugdeins, Petrus se ondeurdagte optrede toe hy Malgus se oor afkap en uiteindelik die ontkenning van Petrus dat Hy nie een van Jesus se volgelinge is nie (verse 17, 27). Dit is duidelik dat ons Verlosser met groot doelgerigtheid die lyding aanvaar sodat ons van ons sondes verlos kan wees. Ons het geen krag of moontlikheid om self uit die probleem van sondes te kom nie. Besef opnuut die wonder van sy Goddelike liefde, ook vir jou. Dank Hom vir sy genade.

Sing: Skrifberyming 10:3

Wyle dr AGS Venter (Randburg-Oos)